

**SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 29:4-14**

**FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 29:11**

### **Jeremia bemoedig 'n platgeslane volk**

Ek weet wat ek vir julle beplan. Sonder veel teëspraak kan 'n mens aanvaar dat vers 11 bepaald die gewildste vers in die boek Jeremia is. Baie gelowiges haal die spesifieke vers aan om mense van die Here se seëninge tot voorspoed te verseker. Dit verskyn op verjaardagkaartjies, gelukwensings met huwelike, woorde van bemoediging in tye van swaarkry, ensovoorts. Dit word so gebruik asof die Here altyd slegs die goeie sal gee.

Ongelukkig word die vers dikwels verkeerdelik aangehaal, omdat dit meesal op sigself, en boonop buite konteks, aangehaal word. Wat is die konteks? Die Here het sy profeet hierdie woorde in 'n brief aan die Joodse ballinge in Babel laat skryf. Hulle het alles verloor en lewe op daardie stadium as vreemdelinge in 'n vyandige omgewing.

Daarom klink Jeremia se boodskap nogal eienaardig en kan byna as verraad gesien word! Hy skryf dat hulle in Babel huise moet bou, tuine aanlê en selfs die belange van die stad bevorder, want “sy belange is ook julle belange” (vs 4-7).

Jeremia se boodskap is: Selfs al kry hulle bitter swaar, kan hulle voluit lewe, want die Here is in beheer. Hy sal hulle sal ná 70 jaar laat terugkeer. Die Here beplan vir hulle iets groter en heerliker.

Hierdie vers 11 is dus baie duidelik 'n trooswoord vir mense wat midde in 'n beproewing staan. As ons deur diep water moet gaan, weet ons dat niks ons van God se liefde kan skei nie. God werk groter. Dit gaan om sy wil en sy koninkryk. Hy het ons immers in Christus sy eiendomsvolk gemaak (1 Pet. 2:9). Ons is noodwendig vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld.

Ons moet egter só leef dat ons 'n positiewe bydrae in ons omgewing maak (1 Pet. 2:11, 12). Ons kan dit alleen doen onder die kragtige leiding van die Heilige Gees. Bid daarom om sy voortdurende leiding.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*